# 11 Julie 2023 - Lesing 71 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die gebod van die liefde is die vernaamste gebod – 8/5/58

**No: 7115** Één gebod is aan julle mense gegee, waarvan die vervulling **die enigste doel van julle aardse bestaan is:** Die gebod van liefde tot God en tot die naaste. Toe die mens JaHshua op aarde gewandel het, het Hy hierdie gebod as die vernaamste en belangrikste verklaar, omdat die mense dit in daardie tyd volledig buite beskouing gelaat het, omdat hulle so **diep in eieliefde gewortel was** dat dit die weg gebaan het vir alle sondes en begeertes.

En hulle het dit ook ontplooi op mees afskrikwekkende wyse en het hulle ook heeltemal ongelowig gedra. En indien mense nou gehelp sou moes word, as hulle op die regte weg gelei sou moes word tot die vaste geloof in God, dan moes hulle in die eerste plek gepoog het **om hul hoogontwikkelde eieliefde te verander in naasteliefde**, omdat slegs die liefde redding beteken vir hulle siel en omdat uit liefde geloof ook kon ontwikkel en **eers dan kon 'n begrip van die betekenis van JaHshua se verlossingswerk verwag word**. **Die liefde is en bly die grondwet van ewigheid**. Maar sodra die mensdom sonder enige liefde is, het hulle ook volledig buite die ordening getree **en is naby aan hul ondergang.**

Toe JaHshua oor die aarde gegaan het, het Hy geweet van die geestelike laagtepunt van die mense en Hy het ook geweet hoe om hierdie lae vlak op te hef. En so het Sy missie eerstens daarin bestaan om ’n lewe in liefde **voor te leef** en die daaruit voortkomende **geestelike vermoëns** weer te benut tot seën van die medemens, om hulle ook aardse noodhulp te verleen en daardeur ook aan hulle te bewys welke krag die liefde is.

**En daarom het Hy voortdurend slegs liefde verkondig**. Hy het gepoog om mense tot 'n korrekte lewenswandel op te voed. Hy wou vir hulle tegelyk aardse en geestelike hulp gebring het, omdat hulle toestand betreurenswaardig was en hierdie toestand het die mense onherroeplik in die afgrond laat stort wat hulle nie in hulle blindheid herken het nie.

JaHshua het dus die liefde geleer. En **Sy evangelie het eintlik net bestaan uit die gebod van die liefde tot God en die naaste**, want alle aanwysings, alle besonderhede, het steeds net betrekking gehad op die korrek geleide lewenswandel wat helder en duidelik aan hulle uitgewys is en wat JaHshua self vir alle mense sigbaar ontplooi het.

Tog is die gebod van liefde aan God en naaste nie 'n gebod in die eintlike betekenis van die woord nie. **Want liefde laat haarself nie “gebied” nie**. Sy moet uit vrye wil beoefen word. Sy kan nie vervang word deur werke wat ook sonder liefde uitgevoer kan word nie, maar sy sal haarself wederom uiter in werke, omdat **die liefde aanspoor tot werksaamheid**. JaHshua het dus vir mense op aarde getoon wat nodig is, indien die mens die ewige lewe wil verwerf.

Maar die mens moet nou **self** die liefde in hom ontsteek. Dit is nie vir hom genoeg om liefde voor te gee deur werke wat wel sy naaste help nie, **hy moet in homself die behoefte hê om sy naaste te help**. Dan eers sal sy eieliefde geweld aangedoen word en dan eers sal hy daarmee ook sy liefde vir God bewys.

Maar die mens kan nog liefde in homself ontplooi deur meganiese werke. Die mens wat aanvanklik die “gebod” nakom, kan homself ook tot liefde opvoed. En dit is wat die mens JaHshua probeer bereik het deur Sy evangelie van liefde, want 'n suiwer "ego-mens" het 'n **oorbrugging** nodig vanaf sy huidige standpunt na onbaatsugtige naasteliefde. Hy moet vooraf aange-moedig word om hulp te verleen aan sy naaste, totdat hy dit uit eie beweging sal doen. Maar dan het ook reeds 'n langsame verandering plaasgevind, wat nou verder en verder sal gaan, sodra God self nou deur die liefde invloed op hom verkry het.

Die liefde tot God en tot die naaste is die grootste en vernaamste gebod. **En daarom moet die liefdesleer van JaHshua altyd bo alle leringe gestel word**, omdat die liefde ook die **sleutel** is tot alle verdere kennis, wat sonder liefde vir die mens onverstaanbaar sal bly.

Die liefde is alles en wie die liefde het, sy lot is reeds vir alle ewigheid verseël. En waar die liefde in alle nadruklikheid gepredik word op aarde, **word die ewige Liefde Self verteenwoordig. Daar sal die Gees van Waarheid ook wees** en daar sal ook 'n **begrip wees vir die verlossingswerk** van JaHshua Messias en die betekenis daarvan.

Want liefde is ook die lig wat die gees verlig van diegene wat die liefde predik en self in die liefde leef. Amein.